ELARDUSPARK TENNISKLUB

PROSPEKTUS

(Opgedateer 13 Januarie 2019)

**For when the One Great Scorer comes
to write against your name He marks,
not that you have won or lost
but how you played the game.**

Grantland Rice

VOORWOORD

Hierdie prospektus is deur ons saamgestel met die doel om te dien as inligtingsbron vir nuwe lede asook belangstellendes oor die organisasie van en aktiwiteite by die klub. Ons hoop u sal dit nuttig vind.

Elarduspark word deur verskeie klubs beny en deur sommiges uitgekryt as te professioneel. Dan vra ek myself af maar waarom stagneer sommige klubs, waarom verloor klubs lede en waarom loop klubs dood? Verskeie redes word aangevoer, maar indien ‘n mens gaan kyk hoe vêr sommige van ons lede ry om by EP te kom tennis speel, ander wat weer groener weivelde gaan soek en dan maar weer terugkom, dan moet ons tog iets reg doen. Vanaf EP se ontstaan in 1975 het die klub nog net gegroei en van krag tot krag gegaan en was daar nog nooit enige tree agteruit te bespeur nie.

Wat maak ons anders as ander klubs?
Die klub is geleë in Elarduspark, ‘n dood gemiddelde area, maar met

- ‘n Unieke kampioenskapstelsel (groter deelname)
- ‘n Unieke daagstelsel (effektief)
- Ligageleenthede vir almal
- Sosiale spel (rekenaarprogram – regverdigheid)
- Elektroniese toegangsbeheer, baan- en ligte-besprekings (effektiwiteit, beheer en veiligheid)
- Georganiseerde weeksdagtennis (meer spel en groter benutting van fasiliteite)
- Gesonde sosiale verkeer en funksies (geesbou)
- Voortdurende verbetering op alle gebiede.
- Mense wat ‘n passie het vir die spel.

Al hierdie dinge het nie vanself gebeur nie en daarom was daar en is daar nog steeds lojale en geesdriftige lede wat positiewe insette tot die klub se sukses(se) lewer.

Francois van As

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding

- Ontstaan van die klub
- Fasiliteite

2. Wie is die Komitee?

3. Verskillende tipes lede en hul voorregte

3.1 Affiliasie
3.2 Volle lede
3.3 Weeksdaglede
3.4 Juniorlede
3.5 Hoe word ek ‘n volle lid?

4 Toegang tot die perseel

- Elektroniese lidmaatskapkaart
- Baan- en ligtebesprekings
- Huur van bane

5 Sosiale spel

- Diens verskaf deur die komitee
- Rekenaarprogram
- Gaste en besoekers

6 Ranglyste en Daagstelsel

7 Klubkampioenskappe

8 Ligas

9 Georganiseerde weekspel

10 Tennisdrag

11 Swak gedrag

12 Verlof

13 Komiteevergaderings

14 Algemene jaarvergadering

15 Sosiale gesellighede

16 Kommunikasie

- Komitee
- Telefoonlys
- E-pos
- Internet

1. Inleiding:

Ontstaan van die klub:

Elarduspark Tennisklub se stigtingsdatum word amptelik aangegee as 14 Januarie 1975. Die klub begin met twee tennisbane en ‘n houtskerm, om lede teen son en reën te beskerm. ‘n Klubhuis wat toilette, ‘n stoorkamer en stoep insluit word tussen 1976 en 1983 gebou. In 1981 word ‘n derde en vierde baan en in 1987 ‘n vyfde en sesde baan deur die munisipaliteit gebou. In 2001 finansier die lede self die bou van die sewende baan.

Fasiliteite:

- ✓ Die klub het 7 tennisbane waarvan 4 onder spreiligte is en 2 oefenmure
- ✓ ‘n Klubhuis bestaande uit
  - ‘n Ontspanningsarea
  - Kleedkamers
  - ‘n Kombuis/snoepwinkel (slegs vir komitee)
  - ‘n Kantoor (toegang slegs vir komiteelede)
- ✓ ‘n Lapa
- ✓ 2 parkeerareas

2. Wie is die Komitee?

Die Komitee word tydens die Algemene Jaarvergadering (sien paragraaf 14) vir ‘n tydperk van een (1) jaar verkies.

Slegs persone wat reeds een jaar volle lede van die klub is, mag op die Komitee verkies of gekoöpteer word, behalwe die voorsitter wat òf reeds drie jaar ‘n volle lid van die klub moet wees òf minstens een jaar op die Komitee gedien het.

Besoek on webadres http://www.elarduspark.co.za/ vir die besonderhede van die huidige komitee, asook elkeen se verantwoordelikhede.

3. Lidstatus

3.1 Affiliasie:

Die klub asook elke lid affilieer by die Gauteng-Noordse Tennis-assosiasie wat weer al sy lede by die Suid-Afrikaanse Tennisassosiasie affilieer. Affiliasiefooie is by ledegelde ingesluit.

3.2 Volle lid:

'n Volle lid wie se ledegelde op datum is, is daarop geregtig om enige tyd van die klub se fasiliteite gebruik te maak en deel te neem aan:

- sosiale spel (Saterdae en vakansiedae)
- georganiseerde spel in die week
- klubkampioenskappe
- ligas en
- tennisnaweke.

Ledegelde is ses maandeliks vooruitbetaalbaar en word op die jaar-vergadering bepaal.

3.3 Weeksdaglid:

- 'n Weeksdaglid het enige dag van die week toegang tot die bane, behalwe wanneer daar georganiseerde spel vir volle lede is, naamlik Saterdagmiddae en vakansiedae.

- Enige ander klubaktiwiteite, soos onder regte van volle lede saamgevat, is ook uitgesluit.

Ledegelde is vir een jaar vooruitbetaalbaar.

3.4 Juniorlid:

- 'n Juniorlid mag Dinsdagmiddae aan die juniorklub se aktiwiteite deelneem.

- Verder het 'n juniorlid enige dag van die week toegang tot die bane, behalwe wanneer daar georganiseerde spel vir volle lede is, naamlik Saterdagmiddae en vakansiedae.

- Enige ander klubaktiwiteite, soos onder regte van volle lede saamgevat, is ook uitgesluit.

- Dit word van juniorlede verwag om na 17:00 die bane beskikbaar te stel indien daar volwassenes is wat wag vir bane.

Ledegelde is vir een jaar vooruit betaalbaar.

3.5 Hoe word ek ‘n volle lid?

- Vul aansoekvorm in (beskikbaar by die komitee)
- U naam word op ‘n waglys geplaas
- Wanneer ‘n opening ontstaan, sal u deur die komitee genooi word om te kom speel waarna u oorweeg sal word om as volle lid aan te sluit.

4. Toegang tot die perseel

Toegang tot die bane word deur ‘n elektroniese hek beheer en hier het ‘n lid ‘n magnetiese lidmaatskapkaart nodig om die hek oop te maak (‘n beroep word op lede gedoen om die hek te alle tye toe te hou sodat roofspelers nie toegang tot die bane kan verkry nie).

Op die kaart verskyn twee nommers

- ‘n lidnommer en
- ‘n pin-nommer

Hierdie twee nommers word gebruik om bane en ligte te bespreek.

Baan- en ligtebespreking:

Bogenoemde word in die klubhuis op die rekenaar gedoen.

Om ligte te bespreek, moet ‘n lid vooraf sorg dat hy/sy oor die nodige krediet beskik. Dit word slegs deur ‘n komiteelid na betaling op die rekenaar gedoen. Die koste beloop R12 per uur.

Huur van bane:

Die bane kan deur afrigters gehuur word vir die aanbied van afrigting, klinieke, toernooie, ens.

‘n Skriftelike aansoek moet ten minste 2 maande voor die tyd by die komitee ingedien word. Koste beloop R5 per baan per uur en is streng vooruitbetaalbaar.

‘n Spesiale vorm is vir hierdie doeleindes by die komitee beskikbaar.

Sleutels vir die klubhuis word slegs deur komiteelede hanteer.

Parkering:

Die klub beskik oor twee parkeerterreine:

- Oos van die bane is oop parkering beskikbaar.
- Noord van die bane is omheinde parkering beskikbaar waar toegang deur ‘n elektriese hek beheer word. ‘n Afstandsbeheer-kontrole vir die hek kan teen R100 by die komitee verkry word.

5. Sosiale spel

- Saterdagmiddae behalwe tydens klubkampioenskappe en liga’s.
- Sommige vakansiedae soos deur die komitee bepaal en aangekondig.

Diens verskaf deur die komitee:

Daar is altyd twee komiteelede aan diens. Sosiale spel begin om 13:30 en duur tot ongeveer 18:00.

Rekenaarprogram:

Sosiale spel word deur ‘n rekenaarprogram gereël.

- By u aankoms meld u aan by die komiteelid aan diens sodat u naam in die program geaktiveer kan word.
- Die komiteelid sal u in kennis stel sodra dit u beurt is om te speel.
- Spel word streng volgens die klub se amptelike dubbelsleer gereël, behalwe op enkele dae waarop ander formate oorweeg sal word.
- Indien u nog nie op die leer is nie, sal die komitee u tydelik plaas. Dit is egter u plig om so gou moontlik te daag (sien daagstelsel) sodat u u regmatige plek op die leer kan inneem.

- Sosiale spel bestaan uit gemengde dubbels, damesdubbels of mansdubbels. Een kort stel word gespeel (bv. 6 – 3) maar met die telling 5 – 5 word ‘n gewone valbylpot (7 telling) gespeel.
- Na afloop van die stel is dit u plig om die uitslag by die rekenaar aan te meld.

- Indien dit sou gebeur dat u te lank na u sin uitsit, is u welkom om navraag by die komiteelid aan diens te doen.

‘n Vriendelike beroep word egter op lede gedoen om nie met die program in te meng nie.

Snoepwinkel:

Die snoepwinkel word deur Cecilia hanteer – indien sy nie beskikbaar is nie sal ‘n komiteelid aan diens behulpsaam wees. Indien ‘n komiteelid aan diens nie beskikbaar is nie, kan enige ander komiteelid gevra word om te help.

Tee en koffie is gratis beskikbaar.

Gaste en besoekers:

Gaste en besoekers is altyd welkom, maar die klub se ledetal is versadig en met ‘n hoë persentasie aktiewe lede is daar tydperke gedurende die jaar waar lede lank uitsit. Dus word ‘n vriendelike beroep op lede gedoen om wanneer u ‘n gas wil nooi u vooraf toestemming by die voorsitter verkry.

‘n Fooi van R20 is betaalbaar deur beide gaste en besoekers.

6. Ranglyste en die daagstelsel

‘n Lid se posisie op die dubbel- of enkelleer word in aanmerking geneem vir

- die reël van sosiale spel (dubbelleer);

- die samestelling van spanne vir ligawedstryde (dubbel- en enkelleer) – ‘n speler kan byvoorbeeld in ‘n hoër span geplaas word op grond van sy plek op die enkelleer vir enkelspeldoeleindes; en

- keuring vir klubkampioenskappe.

Die ranglyste word deur die Daagsekretaris op datum gehou.

Opsomming van die daagstelsel:

Die daagstelsel skep geleentheid vir enige lid om sy/haar posisie op die klub se amptelike leer te verbeter.

'n Nuwe lid kry twee geleenthede vir 'n vrydaag op die dubbelleer en het 8 weke, wat volg op die maand waarin sy lidmaatskap 'n aanvang neem, om albei vrydaagwedstryde te speel. Hierdie 8 weke sluit kampioenskappe en ligas uit. 'n Nuwe lid wat aan klubkampioenskappe deelgeneem het, verbeur sy vrydaag.

Vir lede wat reeds 'n ranglysposisie beklee, staan dit vry om enige tyd tot 'n maksimum van **TWAALF (12)** aktiewe lede bokant hom/haar op die leer te daag.

Dubbeldaagwedstryde word normaalweg op Saterdagoggende gespeel en moet teen 13:00 afgehandel wees, tensy 'n gedaagte werk en die begintyd dan na 13h00 verander.

Daagwedstryde mag nie gedurende die volgende tydperke gereël word nie:

- Klubkampioenskappe
- Ligas
- Desemberskoolvakansie

Die daagprosedure is soos volg:

- Registreer die daag by die daagsekretaris die Saterdag voor die beplande daag, maar nie later as op die Maandag om 21:00. Die daagsekretaris sal ook die baanbespreking doen.

- Voor die Woensdagaand om 21:00, nadat die daag geregistreer is, moet die dager

  i) die gedaagdes in kennis stel en die reëlings tref vir 'n bepaalde dag (gewoonlik Saterdag) en tyd (gewoonlik 8:30) waarop die daag gespeel sal word, en

  ii) die Daagsekretaris verwittig van die dag en tyd waarop die daag gereël is.

- Die wedstryd word op 'n rondomtalie-basis beslis waar die dager 'n stel saam met elk van die 3 persone speel. Drie 9 pot stelle word gespeel. Tydens 'n stel kry elke speler die geleentheid om twee keer af te slaan. Die negende pot sal altyd 'n sewepunt-valbylpot wees.

- Vir die dager om suksesvol te wees (om sy/haar ranglysposisie te verbeter) moet aan die volgende vereistes voldoen word:

  Die dager moet ten minste 14 punte verwerf (potte gewen plus een punt vir elke stel gewen).

- Spelers ouer as 60 jaar kan die opsie uitoefen om nie deel van die daagstelsel te wees nie. Hierdie lede se ranglysposisie word beskerm en word slegs gedurende die klubkampioenskappe verdedig. Indien ‘n lid bo 60 jaar aan daagwedstryde deelneem, verval bogenoemde opsie.

Die volledige stel daagreëls is by die Daagsekretaris beskikbaar.

7. Klubkampioenskappe

Die kampioenskappe vind gewoonlik gedurende die eerste kwartaal (Januarie, Februarie en Maart) plaas.

Die doel met ‘n klubkampioenskappe is om

i) al die lede in ‘n kompetisie te betrek en

ii) die ranglys meer verteenwoordigend te maak.

Enkels word op ‘n uitklop-basis beslis en die verloorders in die eerste rondte speel in ‘n plaatkompetisie.

Dubbels word volgens die spinnekopstelsel gespeel waardeur die verloorders in elke rondte in afsonderlike kompetisies meeding. Hier word al die plasings volgens die ranglys gedoen.

Indien ‘n lid die kampioenskappe as gevolg van ‘n besering of siekte misloop, moet hy/sy vooraf skriftelik aansoek doen sodat sy/haar ranglysposisie beskerm kan word.

Indien ‘n lid beskikbaar is, maar nie aan die kampioenskappe deelneem nie, kan hy/sy gepenaliseer word deur ‘n aantal plekke op die leer te daal.

8. Ligas

Elarduspark Tennisklub neem deel aan die ligas wat deur Gauteng-Noord Tennis - assosiasie georganiseer word.

Die Ligasekretaris is in beheer van die ligaspanne.

Ons kan met trots noem dat ons spanne verteenwoordigend is vanaf die Gauteng-Noord A-liga tot en met die C-liga.

'n Beroep word op lede gedoen om tydens die liga elke Saterdag beskikbaar te wees. Sulke lede ontvang voorkeur wanneer spanne gekies word. Lede wat meer as een keer nie beskikbaar is nie, word as reserwes beskou.

9. Georganiseerde weeksdagspel

Georganiseerde weeksdagspel vind plaas op Dinsdae en Donderdae vanaf 18:00.

Enige lid, dames en mans, wat belang stel kan daaraan deelneem. Al wat u hoef te doen is om die komiteelid gemoeid met weeksdagtennis te skakel sodat hy u op die weeksdagskedule kan plaas.

Daar sal van u verwag word om van tyd tot tyd balle en ligte te voorsien.

Weeksdagtennis vind op 'n krag tot krag basis plaas, dit wil sê die spelers wat saamspeel, is min of meer op dieselfde standaard.

Die skedule is of per e-pos of as harde kopie in die klubhuis beskikbaar.

10. Tennisdrag

Alle spelers moet te alle tye in tennisdrag geklee wees. Hemde met klubkleure, v-nek en rondenektennishemde ("T-hemde") van erkende tenniskledingvervaardigers is aanvaarbaar mits gemelde kleding voldoen aan die beperkings ten opsigte van advertensies. Slegs erkende tennisskoene mag gedra word. Hardloopbroeke en skoene word nie toegelaat nie.

11. Swak gedrag

Ingevolge paragraaf 4.3.3.c van die klub se Grondwet kan ‘n lid wat hom wangedra, gedaag word om voor die komitee sy saak te stel, waarna hy gewaarsku sal word dat by ‘n tweede oortreding van dieselfde aard hy summier geskors sal word.

As openbare klub het die komitee ‘n verpligting teenoor sy lede om toe te sien dat hulle regte beskerm word.

12. Verlof

Indien `n lid vir drie agtereenvolgende maande (tot `n maksimum van ses maande) nie van die Klub se fasiliteite gebruik kan maak nie, kan hy vooraf skriftelik by die Komitee aansoek doen om vrystelling van ledegelde vir daardie tydperk. Waar `n lid vir langer as ses maande nie van die klub se fasiliteite gebruik kan maak nie, moet hy òf bedank òf na afloop van die ses maande of korter tydperk waarvoor vrystelling verleen is, weer begin om ledegelde te betaal.

13. Komiteevergaderings

Die komitee vergader elke eerste Maandag van elke maand waartydens aktuele sake bespreek word.

Lede met spesiale voorstelle, klagtes of besware is welkom om hulle saak, per afspraak, tydens komiteevergaderings aan die komitee te kom stel.

14. Algemene jaarvergadering

- `n Algemene Jaarvergadering sal elke jaar na afloop van die finansiële jaar, maar nie later nie as voor die aanvang van die Elarduspark klub kampioenskappe, gehou word.

- Die Komitee moet aan die Algemene Jaarvergadering `n verslag oor die aktiwiteite van die Klub, tesame met `n finansiële staat van die afgelope finansiële jaar, voorlê.

- Die Komitee word tydens die Algemene Jaarvergadering verkies.

15. Sosiale gesellighede

Gesellighede word gereeld by die klub gehou en nuwe lede word uitgenooi om saam met hulle gesinne daarby in te skakel. ‘n Hoogtepunt is die jaareindfunksie wat net voor die sluiting van die skole plaasvind.

Gesellighede word vooraf deur die komitee aangekondig, so hou gerus die kennisgewingborde dop.

Tennisnaweek:
Die tennisnaweek vind gewoonlik in September plaas en is ‘n naweek wat nie gemis moet word nie. Hou gerus die pers dop.

16. Kommunikasie

Vir ‘n lid van Elarduspark Tennisklub is daar verskeie kommunikasiekanale.

Komitee:
Enige navrae, versoeke, klagtes, ens. kan aan enige komiteelid gerig word.

Telefoonlys:
‘n Telefoonlys met inligting van alle lede is in die klubhuis beskikbaar – u is welkom om een te neem.

E-pos:
Die meeste lede het e-posadresse, hierdie inligting verskyn ook op die telefoonlys.

Internet:
Ons klub het sy eie webwerf (www.elarduspark.co.za) waar allerhande inligting rakende die klub beskikbaar is.